[7] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 6

Psalm 6: ’n Gebed tydens swaar beproewing.

[1] Vir die musiekleier; met snaarinstrumente; met basstem. ’n Psalm van Dawid.

[2] O HERE, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie.
[3] Wees my genadig, HERE, want ek is verswak; maak my gesond, HERE, want my gebeente is verskrik.
[4] Ja, my siel is baie verskrik; en U, HERE, tot hoe lank?

[5] Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil.
[6] Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?

[7] Ek is moeg van my gesug; elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bed met my trane.
[8] My oog het dof geword van verdriet; dit het swak geword vanweë al my teëstanders.

[9] Gaan weg van my, al julle werkers van ongeregtigheid, want die HERE het die stem van my geween gehoor.
[10] Die HERE het my smeking gehoor; die HERE neem my gebed aan.
[11] Al my vyande sal beskaamd staan en baie verskrik word; hulle sal in ’n oomblik beskaamd omdraai.

Psalm 6 is in die vroeë kerk beskou as ’n “**boetepsalm**” (saam met 32, 38, 51, 102, 130 en 142). Andersyds is die psalm as **siektepsalm** of **vyandpsalm** verstaan. Sonde word egter nie pertinent genoem nie; ook geen spesifieke siekte nie. Die digter praat wel van *straf* en vra ook dat die Here hom *gesond* sal maak, en hy praat ook van die vyandigheid van *teëstanders*, van *werkers van ongeregtigheid* en van *vyande*. Die digter praat baie oor fisieke en emosionele agteruitgang: Hy is verswak, sy geraamte is verskrik, sy siel is verskrik, hy sug, hy huil strome water wat maak dat sy oë dof en swak word. As iemand se oë dof en swak word, was dit vir die antieke mense ’n teken dat sy krag besig was om te dreineer. Swaar lyding wat baie trane veroorsaak het, is gevrees, want as ’n mens só ontwater, is die dood naby (kyk na Ps 31:9-10 waar sonde sodanige uitdroging veroorsaak). Aan die einde van die psalm skep hy egter moed en kan hy sy vyande direk aanspreek omdat die Here sy gebed verhoor het en die verskrikking wat hom gekwel het, nou húlle lot sal wees. As ons die psalm lees as ’n gebed van Dawid, die Here se gesalfde en dus ’n voorbeeld vir elke gelowige, bring dit hoop op uitkoms in tye van beproewing, wat die oorsaak daarvan ook al mag wees.

1. Die woorde “toorn” en “kasty” in v. 2 kom ook in Ps 2:5, 10 en 12 as onderskeidelik “toorn” en “laat julle waarsku” voor. Die digter sê dus vir die Here dat Hy sy woede en tugtiging op die goddeloses en heidene moet loslaat, maar moet onthou dat hyself, die spreker, in ’n bevoorregte posisie moet wees. Watter verband het 6:7 met 1:2? Wat sê dit oor die digter se lyding?

2. Sowel die “gebeente” as die “siel” van die digter is “verskrik” (6:3 en 4). Wie is dit wat eintlik “verskrik” behoort te wees volgens Ps 2:5? Sal hierdie wanbalans volgens Ps 6 herstel word? Kyk na 6:11.

3. Watter motivering voer die digter aan waarom die Here hom moet red? Kyk na die sinnetjies wat met “want” begin in vers 3 en 6. Watter 3 redes voer hy later aan dat die mense wat onreg doen, van hom moet weggaan (v. 9-10)?

4. Die digter gebruik die stylfiguur van ’n retoriese vraag, dus ’n vraag wat eintlik as ’n stelling bedoel is, baie effektief in die psalm. Watter twee vrae is retoriese vrae, en wat leer dit ons oor die manier waarop gelowiges met die Here gepraat het in die tyd van die Bybel?

5. Som die betekenis van Psalm 6 vir jou as gelowige in ’n paar woorde op: